

# Mediaverklaring

---

## **Solidariteit eis namens die Skoleondersteuningsentrum (SOS) dat die 2018 matriekeksamen vir Besigheidstudies ongeldig verklaar word.**

**2019-02-20**

Dit nadat die SOS vasgestel het dat meer as 70% van die Besigheidstudies-vraestel se memorandum ooreenstem met inhoud van die departementele hulpgids Mind The Gap. Hierdie gids is egter slegs beskikbaar aan leerders uit onderpresterende skole, wat verlede jaar oefenkampe bygewoon het ter voorbereiding van die matriekeksamen.

In 'n prokureursbrief wat Vrydag aan die departement van basiese onderwys oorhandig is, eis Solidariteit 'n verduideliking vir waarom groot gedeeltes van die vraestel klaarblyklik uit Mind The Gap opgestel is, terwyl dit nie 'n voorgeskrewe handboek is nie en baie leerders nie toegang tot hierdie boek gehad het nie. Die boek is nie op die departement se webtuiste beskikbaar, soos die Mind The Gap-gids vir ander vakke nie en is boonop glad nie in 'n ander taal as Engels beskikbaar nie. Mind The Gap is ook nie een van die voorgeskrewe handboeke vir Besigheidstudies nie. Talle onderwysers uit presterende skole het ook tydens 'n vergadering bevestig dat hul leerders nie toegang tot hierdie boek, of oefenkampe gehad het nie.

“Die SOS sal nie verwag dat daar sterk ooreenkomste sal wees tussen inhoud van 'n amptelike memorandum en inhoud van een handboek nie, veral nie dat bepaalde inhoud woord-vir-woord sal ooreenstem nie,” sê Hugo Vermeulen, hoof van Opleiding aan die SOS. “Indien daar heelwat ooreenkomste is met 'n handboek en die memorandum, veral as dit nie een van die voorgeskrewe handboeke is nie, sal dit op grootskaalse ongeruimdheid dui.”

Vermeulen sê indien hierdie handboek slegs beskikbaar was aan enkele leerders, hulle aansienlik bevoordeel kon word in voorbereiding vir die eksamen en is goeie uitslae gewaarborg.

Daarom eis Solidariteit namens die SOS dat die eindeksamen in Besigheidstudies totaal ongeldig verklaar word en dat leerders se SBA-punte (jaarpunt voor die eindeksamen) as hul finale punt vir Besigheidstudies aanvaar word. “Sou die departement versuim om aan ons eise te voldoen, sal ons verdere regstappe neem,” sê Werner Human, adjunk-bestuurshoof van Solidariteit.

Die SOS het reeds op 16 Januarie die saak onder die departement se aandag gebring en sedertdien verskeie skriftelike klagtes aan die departement oorhandig. Die departement het egter tot op hede



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

versuim om enige aksie te neem. Senior amptenare van die DBO het ook nie hul belofte nagekom om teen 18 Februarie aan die SOS terugvoer te gee rakende hul ondersoek na die matriekuitslae in Besigheidstudies nie. Die departement het boonop nie vandeeweek gereageer op 'n navraag oor vordering van die beloofde verslag nie.

Tydens 'n vergadering tussen die SOS en senior beamptes aan die DBO op 5 Februarie, het die departement erken daar is 'n tekort aan ervare merkers in Afrikaans, wat moontlik Afrikaanse matrikulante kon benadeel. Die departement het ook erken dat merkers in sommige gevalle te streng gemerk het en dus nie ruimte gelaat het vir leerders se eie interpretasies, soos die vak Besigheidstudies vereis nie.

Departementele beamptes het verder te kenne gegee dat Engelse leerders se uitslae vir die matriekeksamen met 50% toegeneem het, in vergelyking met hul SBA-punt. "Dit is vir die SOS kommerwekkend dat daar so 'n groot verskil is tussen leerders se jaarpunt en die punt wat hulle vir die matriekeksamen verwerf het. Dit is 'n verdere aanduiding dat ongeruimdhede plaasgevind het wat sommige Engelse leerders bevoordeel het."



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

